IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552 / 082 561 0131
Faks: +27 (0) 12 664 2618 / 2318 of 086 641 6407
E-pos: impak@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

Nuusbrief 2 Februarie 2009

Dit was só lekker!

Die pas afgelope avontuurkamp het daarin geslaag om die 96 grootoog Impakkertjies wat dit bygewoon het emosioneel, fisies en geestelik te versterk. Pragtige nuwe vriendskappe is gesluit. Die Imbila span onder leiding van Neels Beyers, het hulself oortref om aan ons leerders ‘n onvergeetlike leersame en opbouende belewenis te verskaf.

Dankie ouers dat julle jul kinders in ons hande toevertrou het. Dankie liewe kinders dat julle met so ‘n mooi gesindheid gekom het en met julle borrelende geesdrif lewe in die kamp geblaas het! Baie dankie Neels, Madelein en die ganse Imbila span dat julle julself oortref het met die aanbieding van die kamp. Ons sien almal uit na die volgende avontuur onder julle ywerige leiding!

Nee, die avontuurkamp was beslis nie die laaste lekkerkry van die jaar nie! Imbila gaan ons D.V. almal trakteer met ‘n heerlike sportdag en met ‘n Impak-familievakansie! Lees asseblief en reageer op die ingeslote Imbila briewe.

Matriekslaagsyfer 2008

Tuisleerders spog met ‘n slaagsyfer van 91%
Sentrumleerders het swakker gevaar met ‘n slaagsyfer van 45%

Die rede waarom matrieks verbonde aan hulpsentrums so swak gevaar het is omrede sentrums groot getalle kandidate akkommodeer wat by skole geskors is en omrede die meeste matrieks eers in hul matriek jaar by ‘n sentrum inskryf. Daar was dus geen geleentheid om so ‘n kandidaat vanaf graad 10 op te bou en voor te berei vir matriek nie. Die probleem is ook dat die meeste van hierdie kandidate geen moeite doen om die winterskool of afrondingkool by te woon nie. Dis asof die kinders dink die wêreld skuld hulle en daarom hoef hulle geen verantwoordelikheid te neem vir hul eie dwase aksies nie. Hierdie kandidate doen nie net hulself skade nie, maar berokken ook oneindige skade aan die beeld van Impak en Delta.

Kom u iets kort?

Indien u nog enige boeke of CD’s of DVD’s uitstaande het of indien daar drukfoute in sommige boeke is, moet asseblief nie bekommer nie. U sal merk dat ons die tekorte op u kontrolevorm aangeteken het. Al die tekorte word in die week van 16 Februarie aan u, op Impak se koste, versend.

- Alhoewel ons Oktober 2008 reeds bestellings vir die voorgeskrewe leesboeke geplaas het, kon die uitgewers tot op datum nog nie lewer nie. Dit is buite ons beheer en ons wag, soos u, met ongeduld daarvoor!
- **Gr12 se Besigheidstudie** word heeltemal oor gestuur aangesien die dukkers die ongeproefleeste weergawe gedruk het.
- Die **Aardrykskunde gr.7** ouergids en **Afrikaans gr.9** ouergids vanaf kwartaal 2 word oor gestuur.
- **Graad 3 Engels** handleiding kwartaal 3 en 4 volg sodra beskikbaar.
- Al die uitstaande **DVD’s** word uitgestuur.
- **Lewenswetenskap Gr. 10** handleiding en ouergids.

Impak Onderwys, goeie dag! Waarmee kan ek u help....

Dit is mos die antwoord wat u verwag as u skakel, maar... helaas dit is ‘n nagmerrie om deur te kom op Impak se lyne!

Jammer daarvoor, ons hanteer tussen 600 en 2000 oproepe per dag met 15 inkomende lyne. Nog is dit nie genoeg nie en raak ‘n onaanvaarbare groot aantal oproepe verlore! Ons spreek die probleem aan deur nog ekstra personeel aan te stel om met die enorme werkslading te help.

Wanneer u skakel **moet** u geholpe raak en terugvoer ontvang! Indien u nie deurkom nie of ontevrede is met die diens wat u ontvang, kontak my asseblief dadelik en direk op my e-pos adres: pieter@impakonderwys.co.za. en ek onderneem om peroonlik toe te sien dat u hulp ontvang. Voltooi asb ook die aangehegte evalueringsvorm en help my om goeie diens een van ‘n Impak/Delta se beste eienskappe te maak.

Hiermee gaan ook ‘n aangesuiwerde prosedure om met Impak in verbinding te treë.

Aangepaste jaarprogram

Hierby aangehang is die finale jaarprogram vir 2009. Daar is belangrike wysigings aangebring. Maak asseblief seker u vervang u vorige jaarprogram met hierdie een.

Let asseblief daarop dat die **Matriekinskrywingsdag** na **7 Maart 2009** verskuif is.

Nuwe Vakouteurslys

Sedert die vorige vakouteurslys aan u versend is, het sommige vakouteurs ons diens verlaat en is nuwe mense in hul plek aangestel. U vind die aansuiwerings in die meegaande vakouteurslys.

Voltooi die vorm!!

U kwalifiseer as Impak gesin wat ingeskryf het vir die vol pakket, of as geregistreerde mikroskool of as sentrum, om **kosteloos** by die Pestalozzi Trust te registreer vir juridiese beskerming. Die Pestalozzi Trust bied aan u juriediese beskerming van u grondwetlike reg om u kind/kinders tuis of in mikroskole of sentrums te onderrig of te laat onderrig. Die registrasiegelde aan die Pestalozzi Trust is reeds by u pakketgelde ingesluit (as u die volpakket geneem het) en word outomaties deur Impak aan die Trust oor betaal.

Hierby aangeheg is die **registrasievorm van die Pestalozzi Trust**. Hierdie registrasievorm moet deur elke leerder se ouer/voog voltooi word en aan die Pestalozzi Trust gepos/gefaks word.

Slegs gesinne, sentrums en leerders wat hierdie registrasievorm aan die Pestalozzi Trust gestuur het sal juridiese beskerming geniet.

VOLTOOI EN STUUR/FAKS BESLIS U PESTALOZZI TRUST VORM NA DIE TRUST VIR U BESKERMING EN GEMOEDSRUS!

Indien u voel dat u regte of dat u kind se regte of beste belang op enige wyse deur die owerheid bedreig word, **en u het die registrasievorm aan die Pestalozzi Trust besorg**, kan u dadelik met die Pestalozzi Trust in verbinding treë by: Posbus 12332, Queenswood, Pretoria, 0121; Tel: (012) 330 1337; Faks: (012) 331 1018; E-pos:defensor@pestalozzi.org.

Rekeninge

Die eerste rekeninge vir 2009 sal na 25 Februarie aan u beskikbaar gestel word en daarna gereeld maandeliks in die laaste week van die maand.

Die meerderheid kliënte wat die pakket afbetaal het hul pakketprys verkeerdelik volgens die kontantopsie bereken. Ons sal u fout regstel en u verskuldigde bedrag met die korrekte syfer aansuiwer.

Kantoortye

Ten einde ons personeel kans te gee om hul administratiewe werk te doen en om terugvoer aan u, ons kliënte te lewer, sluit ons die kantoor vir klientebesoeke en diens daagliks 30 minute vroeër.
Nuwe kantoorure:
Maandae tot Donderdae: 8:30 tot 4:00
Vrydae: 8:30 tot 12:00

Die kantoor sal op twee datums vir kliënte gesluit wees vir doeleindes van personeelopleiding en spanbou. Die datums sal in die volgende nuusbrief aangekondig word.

Rapporte en uitslae

Impak het spesifieke tye wanneer eksamens en portefeuljes nagesien kan word. A.g.v. die groot getal leerlinge moet ons onderwyskundiges as kontrakteurs inhuur om te help met die nasien werk. Hierdie kontrakteurs is slegs sekere tye beskikbaar vir nasienwerk. Daarom is dit beleid dat indien u wil hê dat Impak u kind se werk nasien, moet u die werk betyds instuur om tydens die amptelike nasiensessies nagesien te word. As u die antwoordstelle of nasienwerk laat instuur sal dit nagesien word wanneer daar weer beskikbare nasieners is, of u kan die memorandums aanvra en self nasien. As u self nasien, wat u mag, sal Impak ‘n rapport uitreik waarop ons aantoon dat die uitslag u mening van u kind se vordering toon.

Uitnodiging na die matriek inskrywingsdag: 7 Maart 2009

Dit beloof een van die belangrikste dae te wees wat ‘n matrikulant ooit kan bywoon! Dis op hierdie dag dat Impak se matrikulante formeel ingeskryf word om die Nasionale Senior Sertifikaat(NSS) eksamen (Matriek eindeksamen) aan die einde van die jaar af te lê. Elke Matrikulant word op ‘n registrasievorm van die Onafhanklike Afrikaanse Eksamenraad (OAER) vir die eindeksamen as buitekandidate geregistreer. Niemand kan ‘n eindeksamen skryf tensy hy/sy nie by die OAER geregistreer is nie.

Sakelys:

1. Aankoms en registrasie
2. Opening en verwelkoming
3. Jaarprogram: Ons kyk na die belangrike dae en datums wat matrieks raak.
4. Hoe word die jaarpunt saamgestel
5. Hoe werk die eindeksamen en die uitreiking van die uiteindelike NSS.
6. Al die wat, hoe en wanneer vrae van portefeuljewerk.
7. Formele inskrywing van kandidate vir Gr. 12 eindeksamen by OAER.
8. Onderhoude met Vakadviseurs.

Bring asseblief ‘n gewaarmerkte afskrif van u ID saam asook 3 paspoortfoto’s.

Behalwe die registrasie vir die eindeksamen gaan die verpligte portefeuljewerk en sperdatums vir elke vak in diepte hanteer word. Die vereistes vir en samestelling van die jaarpunt gaan bespreek word en die doel en inhoud van die winter- en afrondingskool gaan bespreek word. Die wyse waarop leerders en Vakadviseurs met mekaar gaan kontak hou gaan ook deurgetrap word. Ouers en kandidate se bywoning is dus uiters, uiters dringend!

Die dag vind plaas by die **NG kerksaal, Lyttelton Moedergemeente op die hoek van Burgerlaan en Langebrinkweg, Lyttelton, Centurion.**
Die dag begin om **9:00** met registrasie en behoort teen **15:00** te sluit.

Die matriekvoog vir 2009 is mnr. Johan Dippenaar hy kan bereik word by: johan@becc.co.za. Hy word bygestaan deur mnr. Willem Oliver en hy kan bereik word by: willnet@impakonderwys.co.za matrieks@impakonderwys.co.za

Sy lig skyn steeds!
Impak groete

IMPAK ONDERWYSDIENS BK.
Reg no: CK2005/041089/23
Straatadres: Pretoriuslaan 4, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, RSA.
Tel: (012) 664 8552
Fax: (012) 664 2618/012 664 2318/086 641 6407
e-pos: impak@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

KLIËNTEDIENS EVALUERING

Voltooi asb hierdie vorm deur u keuse duidelik te merk en stuur direk aan Pieter Botha by **0865567262**. U eerlike terugvoer is noodsaaklik ten einde Impak se effektiwiteit en dienslewering op standaard te bring. Baie dankie!!

U Voorletters en van: _____

U "P" nommer: _____

U kontakbesonderhede: _____

Datum: _____

1	**Ons Diensbeampte is:**	Willem Oliver		x	x	x	x	x	x	x
		Ansie Pretorius		x	x	x	x	x	x	x
		Phillipina Coetzee		x	x	x	x	x	x	x
		Jozwa Schreuder		x	x	x	x	x	x	x
		Jacques Bekker		x	x	x	x	x	x	x
		Sonja Hulme		x	x	x	x	x	x	x
		Susan Terblanche		x	x	x	x	x	x	x
		Elize Botha		x	x	x	x	x	x	x
		Hanli Botes		x	x	x	x	x	x	x
		Nico Jacobs		x	x	x	x	x	x	x
		Hessie Janse van Rensburg		x	x	x	x	x	x	x
2	**Ons Diensbeampte beantwoord ons navrae**		100	90	80	70	60	50	40	30
3	**Ons Diensbeampte is goed ingelig oor Impak/Delta se beleid, strukture, produk en dienste en kon ons suksesvol bedien.**		100	90	80	70	60	50	40	30
4	**Ons Diensbeampte skep 'n netjiese en professionele indruk.**		100	90	80	70	60	50	40	30
5	**Ons Diensbeampte is behulpsaam**		100	90	80	70	60	50	40	30
6	**Ons Diensbeampte kom terug met antwoorde**		100	90	80	70	60	50	40	30
7	**Ons Diensbeampte is noukeurig en akkuraat**		100	90	80	70	60	50	40	30
8	**Ons Diensbeampte is stiptelik**		100	90	80	70	60	50	40	30
9	**Ons Diensbeampte kom sy/haar beloftes na**		100	90	80	70	60	50	40	30
10	**Ons ontvang ons Nuusbriewe**		100	90	80	70	60	50	40	30
11	**Ons ontvang maandeliks rekeninge**		100	90	80	70	60	50	40	30
12	**Ons rekeningnavrae word suksesvol beantwoord.**		100	90	80	70	60	50	40	30
13	**Ek skakel maklik met Impak, hetsy per telefoon, faks of e-pos**		100	90	80	70	60	50	40	30
14	**Ons is tevrede met die gehalte, inhoud en omvang van Impak se produk**		100	90	80	70	60	50	40	30
15	**Ons is tevrede met die diens wat die Vakadviseurs lewer**		100	90	80	70	60	50	40	30
16	**Impak bied waarde vir geld**		100	90	80	70	60	50	40	30
17	**Impak word effektief bestuur**		100	90	80	70	60	50	40	30
18	**Wanneer ons Impak besoek word ons gasvry ontvang en op professioneel bekwame wyse gehelp.**		100	90	80	70	60	50	40	30
19	**Ons sal volgende jaar weer by Impak inskakel**		100	90	80	70	60	50	40	30

KOMMENTAAR OP ENIGE ASPEK:

IMPAK ONDERWYSDIENS BK / DELTA EDUCATION / ICHON

Straatadres/ Street Address:	Rivierweg 139 River Road, LYTTELTON, 0157, SA
Posadres/ Postal Address:	Posbus/ PO Box 15132, LYTTELTON, 0140, SA
Impak Onderwysdiens BK:	+27 (0) 12 664 8552; +27 (0) 83 561 0131
Delta Education:	+27 (0) 12 664 8552; +27 (0) 72 224 3182
ICHON:	+27 (0) 12 664 8552; +27 (0) 76 803 8029
Faks/ Fax:	+27 (0) 12 664 2618; +27 (0) 86 505 3050
Impak E-pos/ E-mail:	impak@impakonderwys.co.za
Delta E-pos/ E-mail:	info@deltaeducation.co.za
ICHON E-pos/ E-mail:	info@ichon.co.za
Impak Web:	www.impakonderwys.co.za
Delta Web:	www.deltaeducation.co.za
ICHON Web:	www.ichon.co.za

VAKOUTEURS 2009

VAKOUTEUR	GR.	VAK	E-POS / FAKS	SEL
Basson, Nelius	7-12	IT, RTT, FISIESE WET.	neliusb@absamail.co.za;	0823091924
Borg-Jorgensen, Esther	10-12	Lewensoriëntering	ebj@telkomsa.net;	0833174641
Botes, Hanlie	12	Wisk. Gelett.	malie@mweb.co.za;	0845507551
Conradie, Louis	4-9	Lewensoriëntering	louis@patat.co.za;	0731959077
De Jager, Joanie	1,3 1,3 1,2 1,2 1,2,3	Afrikaans Skrif Engels Wiskunde Omgewingsleer	joanie@mailbuddy.co.za;	0832941931
De Klerk, Linda	3 3	Wiskunde Eng. 2de Taal.	dudleydk@yahoo.com;	0824037588
Du plooy, Michel	4-9	Lewensoriëntering (Delta)		076 958 7193
Du Toit, Petroné	8,9	Eng. 2nd Lang.	27123324685@vax.co.za;	0832900431
Gabrielli, Lara	11,12	Eng. 2nd Lang.	human.heidi@gmail.com;	0842404619
Goosen, André	4-9 5,6	Tegnologie Wetenskap	andrehgoosen@gmail.com;	0790656294
Hertzog, Erika	11,12	Ekonomie	innovate@telkomsa.net;	0763998310
Human, Heidi	10	Eng. 2nd Lang.	human.heidi@gmail.com;	0845563576
Jansen, Dawie	6,7	Volkskunde	djjansen@lantic.net;	0844502030
Jones, Marlise	4	Eng. 2nd lang.		082 928 8275
Joubert, Nadia	10 12	Ekonomie Besigheidstudie	nadia.betteridge@gmail.com;	0723752026
Kellerman, Amelia	8-12	Eng. 1st Lang.	ameliak@absamail.co.za;	0723212232
Keyser, Nannie	1	Engels.	smartbrain00@gmail.com;	0833722874
Kleynhans, Wendy	10-12	Kuns en Drama	info@mytutorcentre.co.za;	0832452946
Kritzinger, Ilsé	8,9	Afr.1ste Taal.	koosk@up.ac.za;	0842181818
Lochner, Melodie	4-7	Afr. 1ste en 2 de Taal	malochner@lantic.net;	0829350889
Loubser, Anita	4-7	Wiskunde	azzie@telkomsa.net;	0737738001
Malherbe, Phil Dr.	10,11,12	Afr. 1ste Taal.	philma@vukanet.co.za;	0843355693
Marachin, Lorenzo	10-12 10-12	Mechaniese Technol. Siviele Technologie	lomara@absamail.co.za;	0824441099
Marais, Charl	10-12	Elektriese Tegnologie	elektronika@htsjv.co.za;	0823980214
Marneweck, Melissa	0-3	Kuns	kuns@vodamail.co.za;	0728824540
Naudé, Susan	10-11	Wiskunde Geletterd.	susanfn@hotmail.com;	0768733829
Oliver, Erna Dr.	8-12 4-7 4-7	Toerisme Bybelonderrig Geskiedenis	unut2@unisa.ac.za;	0829293593

VAKOUTEUR	GR.	VAK	E-POS / FAKS	SEL
	4-7	Kuns		
Oliver, Willem	4-7 8-11 12	Aardrykskunde Bybelkunde Godsdiensstudie	willnet@impakonderwys.co.za;	0824556671
Oost, Donna-Marié	8-12	Wiskunde (Impak)	oost@absamail.co.za;	0793827555 0866972903
Pretorius, JC	8-12	Geografie	pretoriusjc1@gmail.com;	0833435799
Prinsloo, Mollie	8-11 8-12	Besigheidstudie Rekeningkunde	mollie.prinsloo@yahoo.co.uk;	0732459555
Raath, Schalk	8-12	Geografie	muspark@mweb.co.za;	0823391872
Raubenheimer, Ben	4,5,8	Volkskunde	aneli@kleinfontein.net;	0825563346
Rawlings, Brigid	8-10	Frans	brigid@mtnloaded.co.za;	0826530638
Schreuder Jozwa	8-12	IGO		
Schutte, Gerda Dr.	8,9	Lewenswet.	fschutte@discoverymail.co.za;	0834881321
Theron, Bernhardett	10	Lewenswet.	bernhardett@gmail.com;	0825844271
Van Aarde, Alti	0-3	Jollie Bollie		082 557 1755
Van Aswegen, Ria	2 2 2	Afrikaans Skrif Engels	towcon@internext.co.za;	0829245243
Van Rijn, Corne	4	Wetenskap		072 676 4525
Van der Nest Eduan	10-12	Wiskunde (Delta)	johan@becc.co.za	083 408 1530
Van der Ryst, Magda	10,12	Afr.2de Taal.	benepc@absamail.co.za	0793537242
Van Velden, Lorraine	8-12	Gasvryheidstudie	lvanvelden@cbcpretoria.co.za;	0827733420
Verwey, Liza	7,11,12	Lewenswet.	liza777@lantic.co.za;	0721287546 (Slegs SMSSE)
Venter, Alice	8,9,11	Afr. 2de Taal.	venteraj@hotmail.com;	0823776029
Viljoen, Marianne	7-12	Haarkap. & Kosmet.	27139320115@vax.co.za;	0846576631
Zandberg, Deon	8-12 10-12	Landbouwet Landbou Best Prakt.	stompiez@telkomsa.net;	0842057646
Zandberg, Stompie	5-7	Eng. 2nd Lang.	stompiez@telkomsa.net;	0842057646

Pestalozzi Trust(IT6577/98)

regsfonds vir onderwysvryheid

Posbus 12332 QUEENSWOOD 0121
Tel: (012) 330 1337; Faks: (011) 507 5997
Web: www.pestalozzi.org
E-pos: defensor@pestalozzi.org

Impak—kliëntenommer:

Aansoek om regsverdediging

Is/was u al lid van die Trust? Ja / Nee
Indien wel, Lidnommer (indien beskikbaar) .....

Die Pestalozzi Trust onderneem, met betrekking tot konflikte wat ontstaan na die datum van hierdie aansoek:

om die ouers van ondergenoemde leerders wat by Impak Onderwysdiens ingeskryf is en die leerders by te staan in konflikte met amptenare of instellings van die Staat aangaande die onderwys van die kinders.

Indien konflik ontstaan, sal die Trust:

a. Die ouers en leerders so spoedig moontlik te hulp te kom met advies en/of verteenwoordiging deur regsgeleerdes en/of ander kundiges soos benodig volgens die uitsluitlike oordeel van die Trust, ten einde die konflik te beperk en te probeer oplos sonder dat dit eskaleer na 'n hofsaak.

b. Indien sodanige konfliksituasie nie opgelos kan word soos hierbo bedoel nie, en 'n hofsaak volg uit die konflik, alle hofkostes insluitende die koste van 'n regsverteenwoordiger(s) van die Trust se keuse en deur die Trust aangewys, en deskundige getuies verkry en betaal, en verseker dat die ouers en leerders verteenwoordig word deur regslui wat kundig is in die spesifieke regsdomein wat ter sprake is.

c. Ongunstige uitsprake van howe teen ouers en leerders op appèl neem indien daar volgens die oordeel van die Trust 'n moontlikheid op sukses is.

Afdeling A: Opvoeders

Belangrik: Sluit SLEGS persone in wat die kinders hul SKOOLWERK leer "buitemuurse" aktiwiteite uitgesluit.

Opvoeders wat die kinders van hierdie huishouding wat by Impak ingeskryf is IN DIE KINDERS SE EIE HUIS leer.
("Huis" sluit in 'n plaas, en die ouer(s) se werkplek, al is die werkplek nie in die woonhuis nie, maar dit sluit nie 'n koshuis in nie.)

Opvoeder	Titel	Voorletters	Voornaam	Van	Hoogste kwalifikasie	Werksure anders as onderwys	Werk die persoon in die huis?
1							Ja / Nee / NVT
2							Ja / Nee / NVT
3							Ja / Nee / NVT
4							Ja / Nee / NVT

Opvoeders wat die kinders van hierdie huishouding wat by Impak ingeskryf is OP 'N ANDER PLEK as in die kinders se eie huis leer

	Naam van persoon / instelling	Telefoon	e-pos	Is dit 'n geregistreerde skool?
5				Ja Nee
6				Ja Nee

Afdeling B: Kinders in die huishouding

Kinders wat by Impak ingeskryf is		Hierdie opvoeder is die kind se: (Merk B, V, S, G, A, of I—kyk sleutel regs onder vir betekenis)						Watter persentasie van die kind se onderwys verskaf hierdie opvoeder?					
Naam en van	Geboortedatum	Opvoeders volgens Afdeling A						Opvoeders volgens Afdeling A					
		1	2	3	4	5	6	1	2	3	4	5	6

Kinders wat NIE by Impak ingeskryf is nie

BELANGRIK: Hierdie kinders wat nie by Impak ingeskryf is nie, word uitgesluit van hierdie ooreenkoms (die inligting word benodig omdat hul teenwoordigheid in die huishouding u regsituasie mag beïnvloed).
Kontak Pestalozzi Trust vir 'n ooreenkoms wat hierdie kinders teen 'n afslagfooi kan insluit (kyk keersy vir besonderhede).

Sleutel vir Afdeling B:
B = Biologiese / aangenome ouer
V = Wettige voog
S = Stiefouer
G = Grootouer
A = Ander familielid
I = Onderwysinstelling / skool / tutor

Getal kinders: ..... Ouderdomme: ..... Getal wat 'n geregistreerde skool bywoon: .....

Getal wat onderwys (behalwe gereg. skool) buite die huis kry: ..... Getal wat onderwys in hul eie huis kry: .....

Afdeling C: Omstandighede wat die onderwys van die betrokke leerders kwesbaar kan maak

	Ja	Nee	
1. Is daar enige tyd gedurende tradisionele skoolure (dws 7:30 vm. - 2:00 nm.) wanneer u leerders nie onder die toesig van die ouers/volwassenes sal wees wat in Afdelings A en B gelys word nie? **Indien wel, verduidelik asseblief. Indien 'n ander volwassene toesig hou, verskaf sy/haar naam, verwantskap met die kind, en meld waar die persoon toesig sal hou**			
2 Is enige regsgeding al ingebring teen die onderwys wat u kind(ers) sal ontvang of teen enigeen wat met die aanbieding daarvan gemoeid is, of was daar al dreigemente van so 'n regsgeding, of was daar al ooit enige kontak tussen u en enige skool- of onderwysamptenaar, maatskaplike werker of enige ander regeringsamptenaar aangaande u kinders, hul onderwys of afwesigheid van 'n skool? **Indien JA, beskryf asseblief die dreigement, die regsgeding of die kontak (deur wie en wanneer). Sluit kopieë van korrespondensie, regsgedinge, ens in.**			
3. Is enige van die opvoeders in Afdeling A aangegee al ooit in verband met kindermishandeling, -verwaarlosing of verwante aanklagte ondersoek of aangekla? **Indien JA, verduidelik asseblief (op 'n afsonderlike vel papier indien nodig) wanneer die ondersoek plaasgevind het, of daar 'n bevinding van verwaarlosing of mishandeling was, en of dit ten volle opgelos is. Heg afskrifte van enige hofdokumente aan.**			
4. Het enige van die kinders wat hiermee ingeskryf is spesiale leerbehoeftes?			

Die Ouer / Voog onderneem:

Ek, die ondergetekende, is die ouer / voog van die leerder(s) wie se besonderhede in Afdelings A, B en C hiervan verskyn, en doen hiermee aansoek om regsverdediging van hul onderwys vir die skooljaar 2009. Ek bevestig dat ek as ouer die verantwoordelike persoon vir my kind(ers) se onderwys is.

Ek bevestig dat ek sal verseker dat die kinders hul grondwetlike reg kan uitoefen om onderwys te ontvang wat aan hul individuele behoeftes voldoen, en dat ek hulle sal rig en lei om hul regte uit te oefen op 'n wyse wat in hul beste belang is.

Ek bevestig dat ek hierdie verantwoordelikheid nie aan enige instelling of persoon kan delegeer of afwentel nie.

Verder bevestig ek dat enige onderwysmiddele en -dienste wat ek van Impak of enige ander instansie bekom slegs hulpmiddele is en nie op sigself onderwys behels wat aan al die individuele behoeftes van die genoemde kinders voldoen, of op sigself hul reg op onderwys bevredig nie.

Derhalwe bevestig ek dat, indien ek my kind na 'n leersentrum neem, of van enige ander opvoedkundige diens of bystand gebruik maak, ek steeds die verantwoordelike persoon vir my kind(ers) se onderwys bly.

Derhalwe onderneem ek dat:

ek onderwysmiddele en –dienste wat ek van Impak ontvang oordeelkundig sal aanwend met inagneming van die voorskrifte, maar dat ek die middele, dienste en voorskrifte soos nodig sal keur, wysig of aanvul om te verseker dat die onderwys wat my kind(ers) ontvang in hul beste belang sal wees en nie minderwaardig sal wees aan die onderwys wat in openbare skole voorsien word nie; en

indien ek gebruik maak van die dienste van 'n tutor of van 'n skool of ander onderwysinstelling, ek by wyse van gereelde en deurlopende betrokkenheid by elke kind se leerervaring sal verseker dat die onderwys wat die kind ontvang, voldoen aan die individuele behoeftes van die kind.

Ouer / Voog: Volle name: ..... ID Nr. .....

Adres: ..... Selfoon: .....

Handtekening: ..... Plek ..... Datum..... Taalvoorkeur: Afr / Eng

Afslagopsies

Enige gesin waar die kinders hul onderwys van hul eie ouers of nabyfamilie in die kinders se eie huis ontvang kan as onafhanklike tuisskoolgesin by die Pestalozzi Trust aansluit. In so 'n geval ontvang 'n gesin wat een of meer kinders by Impak ingeskryf het 'n afslag van R240 op hul ledefooi by die Pestalozzi Trust vir elke kind wat by Impak ingekryf is.

Indien u as as onafhanklike lede by die Trust wil aansluit (of bly, indien u tevore reeds lid was), doen soos volg:

a) dien gewoon hierdie aansoek by Impak in;

a) doen OOK aansoek op ons gewone aansoekvorm vir onafhanklike lede (verkrygbaar by www.pestalozzi.org of 012 330 1337);

b) trek die afslag af van die gewone ledefooi en

c) skryf u Impak-kliëntenommer as bewys vir die afslag op die gewone aansoekvorm wat u indien .

Let wel: Indien u reeds 'n onafhanklike lid van die Trust is en u ledefooi betaal het, skryf aan die Trust om die afslag aan te vra verskaf u Impak-kliëntenommer as bewys vir die afslag. Die afslag sal teen u rekening by die Pestalozzi Trust gekrediteer word.